*Ontmoeting 4*

# Dawid
# Ons kyk anders na mekaar

Die ontmoeting het ten doel om kinders te laat verstaan dat dit beter is om na die innerlike as na die uiterlike van mense te kyk. Ons lees hoe God vir Samuel met die salwing van Dawid leer om nie vas te kyk in die uiterlike voorkoms van Isai se seuns nie.

**Teks: 1 Sam 16:1(b)-13**

**Hulpmiddels:**

Uitdruk van die volgende woorde met die alternatiewe agterop geplak sodat dit soos 'n kaartjie omgedraai kan word:

Klein (Braaf); Groot (Bang); Slim (Lui); Mooi (Skaam); Jonk (Ervare); "Boring" (Getrou); Vinnig (Dom); Sportief (Skelm)

Vergroot die fotohoekie hulpmiddels sodat dit voor die mond van 'n kind kan pas en druk uit op harde karton en lamineer indien moontlik. Plak 'n sosatiestokkie agterop vas sodat die kinders dit voor hul kan vashou.

Sorg dat daar vir elkeen in die groep 'n hartjie brilletjie uitgedruk word.



## WELKOM

Verwelkom die groep en speel met hulle vroteier soos dit in Engels gespeel word. Hulle noem dit "Duck Duck Goose" en speel dit so: Die persoon wat buite die sirkel hardloop en iemand moet kies wat hom/haar moet probeer vang, sit telkens sy/haar hand op die kinders in die sirkel se koppe en sê elke keer die woord: "Duck". Wanneer hy/sy iemand kies, sê die kind: "Goose" en laat spaander. Die "Goose" moet opspring en die kind wat "aan" is, jaag.

Deel die groep in 2 en kies vir elke groep 'n kaptein. Sit die kaarte met die eienskappe teen 'n bord vas en gee beurtelings aan elke kaptein kans om 'n eienskap te kies van 'n persoon wat hul graag in hulle span sal wil hê. Sodra hulle klaar gekies het, laat jy die kinders stem wie hulle dink die sterkste span sal hê. Sê nou aan die groep dat hulle mislei is deur die eerste indrukke van die spanlede en dat jy die regte eienskappe van die persone bekend gaan maak. Draai nou die kaarte om en wys die agterkante vir die groep. Gee kans dat die groep kan kies watter span nou die sterkste sal wees. Wanneer ons na mense kyk, kan ons soms die verkeerde afleidings maak van hoe hulle regtig is. Dit kan maak dat ons mense wat baie waardevol is, miskyk, net omdat ons nie hulle harte raaksien nie.

## WYDING

**Temalied:** "God hou van kindertjies"

**Stilword-ritueel:** Laat die kinders op hul magies lê met hul ogies toe en hul koppe op hul arms en hulself indink as skapies. Laat hulle 'n paar keer diep asemhaal en luister na die woorde van 'n liedjie wat Dawid geskryf het. Lees nou Psalm 23 vir hulle rustig voor.

## WOORD

Kies 8 vrywilligers en gee hulle die fotohoekie hulpmiddels om hulself mee te vermom as Samuel en Isai se seuns. Hulle gaan die verhaal uitbeeld terwyl jy die teks voorlees.*(Daarom ook geskik vir grootgroepe van 8 en meer.)*

Lees nou 1 Samuel 16:1(b) – 13 voor. (Begin die teks met 'Maak 'n horing vol olie...')

***Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:***

1. Ek wonder hoekom ons gewoonlik eers kyk hoe mense van buite lyk.
2. Ek wonder hoe jy voel oor hoe jy lyk.
3. Ek wonder as jy een van die kinders van Isai was, watter kind jy sou wees.
4. Ek wonder watter deel van die storie is vir jou sleg.

## WERSKAF

- Gee afdrukke van die hartjiebrille vir die kinders en gee hulle die kans om dit te versier. Dit kan hulle herinner dat ons na mense se harte moet kyk eerder as na hoe hulle van buite lyk. Die brille se binnekante kan uitgeknip word. Lamineer dan die bril sodat die laminering 'n "glas" vorm vir die kinders om deur te kyk. Versier dan die rante met plakkers en heg 'n sosatiestokkie agter aan sodat hulle dit voor hul gesigte kan hou om deur te kyk.*(Geskik vir groot groepe.)*
- Gee aan die groep verskeie mediums soos klei of papier met verf sodat hulle hartjies daarmee kan maak.
- Gee papier en kryte en laat hulle harte daarop teken. Skryf of teken dan in die hart wat binne jou hart is.*(Geskik vir groot groepe.)*

Sluit af met die volgende gebed en daarna die seënbede soos by die vorige ontmoetings:

Here, help my om anders na mense te kyk as na wat ek heel aan die begin sien, want U kyk altyd anders na my en na ander. Amen



| | |
|---|---|
| Klein | Braaf |
| Groot | Bang |
| Slim | Lui |
| Mooi | Skaam |

| | |
|---|---|
| Jonk | Ervare |
| "Boring" | Getrou |
| Vinnig | Dom |
| Sportief | Skelm |